

14 Maart

Skrifgedeelte: 1 Konings 11:26-36; 1 Konings 12:1-17
Fokusgedeelte 1 Konings 12:15

God beskik en dit gebeur

Salomo se seun Rehabeam was besig om oorleg te pleeg met die leiers van die tien stamme. Dawid het destyds hierdie tien stamme by die stamme van Juda en Benjamin gevoeg, sodat die volk Israel saam in een ryk deur een koning geregeer is. Maar ... nou was daar sprake van skeuring in die lug.

Die regering van koning Salomo was 'n bloeyd in die geskiedenis van die volk Israel. Die land was 'n land van melk en heuning ... van oorvloed en van prag en praal. Daar was vrede en voorspoed. Die belasting en die werk in die paleis en vir koning Salomo was vir niemand te veel gevra nie.

Waarom was daar dan sprake van skeuring? Omdat die Here aan Jerobeam gesê het (1 Kon 11:31) dat hy eendag oor die tien stamme sal regeer. Die Here sou toelaat dat die tien stamme hulle van Juda en Benjamin afskeur. Só sou God koning Salomo se ontrouheid straf.

Daarom het Rehabeam die tien stamme se versoek met minagting hanteer. Met domastrantheid het hy 'n wig tussen hulle ingedryf. Die Here het sy verstand toegemaak vir goeie raad. In plaas van om te regeer deur te dien, wou hy regeer deur dwang. So het die koning nie na die volk geluister nie ... "Dit was 'n beskikking van die Here ..." (15) Hy het ook nie die Here in die saak geken nie. Nêrens lees ons dat hy die Here om raad vra nie. Hy vra slegs die raad van menslike raadgewers.

Hierdie gebeure was 'n waterskeiding in die geskiedenis van die volk Israel. Nooit weer sou Israel dieselfde hoogtes en eenheid bereik as onder Dawid en Salomo nie. En die Here het die skeuring binne die volk Israel beskik. Tog sou die Judastam nooit geheel en al ten gronde gaan nie. En dit, omdat God getrou bly aan Homself. Omdat Hy belowe het dat die Verlosser uit die stam van Dawid gebore sou word.

Wat 'n troos! Wat God ook al vir my lewe beskik ... dit gebeur. En vir my, sy kind, is dit wat Hy laat gebeur, altyd ten goede (Rom 8:28).

Sing: Psalm 33:6 (Totius)

Dr JH Howell (Heidelberg)